# Lizelle Grobler neé De Villiers



Ek het na skool Maatskaplike Werk geswot,saam met Dalene en Antoinette wat saam met ons op skool was. Ek het vir 22 jaar die beroep beoefen ek het afgetree a.g.v. my gesondheid en die van my eie gesin. Ek is met Dirk getroud wat saam met onderandere Charl le Roux, Johan Grobler, Chris du Plooy en Dawie de Vaal geswot het. Ons het drie seuns.



My oudste twee seuns was Woeries en die jongste vir twee jaar ‘n Woerie en laaste drie ‘n Parkie. Soos julle weet is my oudste seun, Pieter, in Maart 2024 oorlede,hy was ‘n kind wat werklik voluit gelewe het. Francois is in gr 12 en Michael is 21jaar oud. Beide stel belang in die Finansiële wêreld en sal Francois ook in 2026 op Tuks gaan studeer.



Ek het nie vêr van my ouerhuis af getrek nie en woon ‘n straat onderkant my ouerhuis.       Ons woon reeds 21jaar in Lyttelton en is dit steeds vir my ‘n heerlike woonbuurt.

Ek kyk smiddae na my niggie se seun wat gelukkig ook in Lyttelton woon,hy is nou 3jr oud.Ek doen Pilatus en stap. Een keer ‘n week kuns en is laasgenoemde ‘n lekker manier om kreatief te wees.Ek het ‘n pikswart cocker spaniël en twee katte wat sorg vir pret.